

## Christus se gehoorsaamheid en ons s'n

In twee verse by mekaar (vs 8 en 9) praat die Hebreërbrief eers oor Christus se gehoorsaamheid en dan oor ons gehoorsaamheid. Sy verskriklike gehoorsaamheid en ons s'n.

Sy gehoorsaamheid word hier verbind aan “alles wat Hy gely het”. Paulus sê Hy was “gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis” (Fil 2:8). Só vat Paulus ook Jesus se hele lyding en sterwe saam in één woord, naamlik gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid tot in die dood.

Die eerste mense het ongehoorsaam aan God geword. So het die breuk tussen die mense en God gekom en het die dood ook as gevolg van die ongehoorsaamheid van die mense in die wêreld gekom. Jesus Christus moes as 't ware die pad terugloop. Hy moes gehoorsaam wees tot in die dood, sodat ons die lewe kan hê.

Die Hebreërbrief laat ons sien hoe Jesus as ware mens van vlees en bloed gely het. Hoe Hy beangs en benoud was en hoe Hy deur sy lyding geleer het wat gehoorsaamheid is. Maar die brief sê ook herhaaldelik: Jesus is ook méér as net ware mens. Daarom het Hy die “bron van ewige saligheid” geword. Sy gehoorsaamheid tot in die dood was gehoorsaamheid vir ons, vir ons verlossing.

Ons gehoorsaamheid is 'n “gehoorsaamheid aan Hom”. Ons verdien nie ons saligheid met ons gehoorsaamheid nie. Hy het ons saligheid verwerf deur sý gehoorsaamheid. Maar ons geloof in Hom is nie net 'n kopknik en 'n “Ja, ons aanvaar dit” nie. Ons geloof in Hom is gehoorsaamheid. Om te luister as Hy sê: “As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg” (Matt 16:24).

Is ons nie net “mooiweer”-Christene nie? Heeltemal bereid om Jesus Christus te aanvaar as dit goedgaan. Maar as ons self ly en swaarkry? Bly ons dan gehoorsaam?

Sing: Psalm 86:6 (1936)

Dr F van der Walt (Emeritus)